

PREEK: 3 AUGUSTUS 2018

TEKS: Rigters 2:10

ONDERWERP: “...en die volgende geslag se mense het God nie geken nie”

Elke spoor in die sand het 'n haksteenkant en 'n toonkant. Hakskene wys uit watter rigting die persoon kom en die tone wys in watter rigting die persoon op pad is. En dan in een enkele oogwink vee die brander die spoor dood en jy wat die spoor nodig het om dit te volg, verloor tegelyk die waarvandaan en die waarheen. So was dit die geval met die Israeliete van wie ons in Rigters 2:10 lees. In Josua 24 die boek net voor Rigters, sien ons hoe **die volk van die Here 'n plegtige belofte maak om die Here te dien**. Hulle rig 'n klipmonument op om hulle goeie voornemens te demonstreer. Maar dan net in die vervolgverhaal van Rigters verneem ons die tragiese nuus: **“die volgende geslag se mense het God nie geken nie” (Rigters 2:10)**.

Hoe op aarde gebeur dit? Die antwoord vind ons in dieselfe vers: “hulle het ook nie geweet van sy (God) se groot daad wat Hy gedoen het om vir Israel te help nie”. Die kinders weet nie, want hulle het nie gehoor nie. En hulle het nie gehoor nie, want dit is nie aan hulle vertel nie.

Volgens Deut. 6 was dit die taak van die ouers. Daar lees ons:

“Hierdie geboorte wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daarvoor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. Jy moet dit as herinnerings- teken vasbind aan jou hande, en dit moet 'n merk op jou voorkop wees. Skryf dit op jou deurkorsyde en op jou stadspoorte”(vs6-9).

“Wanneer jou seun jou in die toekoms vra: Wat beteken die verordeninge en die voorskrifte en die bepalinge wat die Here ons God vir u gegee het? moet jy hom antwoord: Ons was in Egipte die farao se slawe, en die Here het ons daar deur sy magtige daad bevry toe Hy voor ons oë tekens en groot wonderdade gedoen het en rampe oor Egipte laat kom het, oor die farao en sy hele huis. Maar vir ons het die Here daarvandaan laat wegtrek om ons in hierdie land te bring en dit vir ons te gee soos Hy aan ons voorvaders met 'n eed belowe het. Die Here het ons beveel om volgens al hierdie voorskrifte te lewe en om die Here ons God te dien, sodat dit altyd goed kan gaan met ons en sodat ons kan bly lewe soos dit nou die geval is”(vs20-25).

Josua 24, die boek net voor Rigters, bevestig dié verantwoordelikheid van die ouers wanneer Josua as leier van die volk, maar in die eerste plek die leier van sy huishouding verklaar: “ek en my huis, ons sal die Here dien”. Dié verklaring doen hy net nadat hy in Jos 24:1-13 'n opsomming gee van alles wat God in die verlede tot op daardie tydstip gedoen

het. Ons hoor die woorde “Ek (=God) het” soos ‘n refrein vanaf verse een tot 13 – meer as 17 keer! Dan daag hy die volk uit: “Kies dan vandag wie julle wil dién...” (vs 15). Uiteindelik verklaar die volk eenparig: “ons sal die Here ons God dien...” (vs 24) en hulle rig ‘n klopmonument op om hulle aan dié voorneme te herinner.

Uit dit alles blyk duidelik dat ouers God se sleutel is om God se spore vir die nageslag te wys, daarvoor te praat en self daarop te loop. In Deut. 6 word vier opdragte aan die ouers gegee; nl. om die Here te **gehoorsaam** (vs 2), te **dien** (vs 2), **lief te hê** (vs 5) en **te eer** (vs 13). Deur hulle voorbeeld trap hulle die spore vir hulle kinders oop na God. Terwyl hulle deur hul voorbeeld dit demonstreer, praat hulle daarvoor, skerp dit in by hul kinders (vs 7) en verduidelik hoe en wat God deur die geskiedenis alles gedoen het en steeds doen (vs 20 vv). So leer die kinders God ken. Hulle sien en hoor hoe om, soos hul ouers, God te gehoorsaam, Hom te dien, lief te hê en te eer. God-stories was ‘n alledaagse geloofsgewoonte wat die oud-Israëliete in die tyd van Moses en Josua beoefen het. En binne een geslag sterf dié geloofsgewoonte uit. Toe ouers so besig raak om die nuwe land wat hulle ontvang het te bewerk, was daar nie meer tyd om God-stories te vertel nie. “En die volgende geslag se mense het nie die Here geken nie” (Rigers 2:10).

In die navorsing wat E-Kerk rakende die jeug en Kerk gedoen het, word dié belangrike rol van ouers beklemtoon. Uit hul navorsing is daar ‘n baie duidelike positiewe verband tussen ouers se verhouding met God, hoe hulle dit in die praktyk uitleef en hul kinders se geloofsgewoontes. Die ouerhuis is die primêre plek waar kinders van kleins af van spoorsny geleer word. Hier word die basis gelê. Volgens genoemde verslag raak die invloed van ouers al minder soos wat die kinders ouer word. In die tienerjare speel portuurgroepe ‘n al groter rol en na skool is die eise wat die aanpassing by die werkplek/studies stel groot. Daarom is dit so belangrik dat ouers die fondasie vroeg reeds goed en deeglik lê. Bybel-storietyd, erediensbywoning en betrokkenheid by gemeente-aktiwiteite is geleenthede waar ouers die spore vir kinders trap en hulle leer om dit te volg. Hier is dit belangrik dat ons nie met tradisie-vorming besig is nie, maar met geloofsvormende gewoontes – geloof in Jesus met wie ons as ouers in ‘n persoonlike verhouding leef, want Jesus is deel van ons praat, ons besluite, ons keuses, ons lag en ons huil.

Hierin het die plaaslike gemeente ‘n belangrike ondersteunende rol te speel. God-stories moet kinder-/tienervriendelik “verpak” word. Groter klem behoort op ouerleiding en toerusting geplaas te word. Huweliksvoorbereiding en doopgesprekke bied hiertoe uitstekende gespreksgeleenthede (Die verslag maak die belangrike opmerking dat die plaaslike skool ‘n baie groter positiewe en of negatiewe invloed op die geloofsgewoontes wat tuis en in die plaaslike gemeente by kinders gevestig word, het as wat oor die algemeen besef word).

Ter illustrasie van die belangrike rol as skakel tussen God en hul kind, wat ouers het, word ‘n gesin gevra om langs die leraar hul plek op die liturgiese ruimte in te neem. Ouers staan tussen kinders en leraar (as verteenwoordiger van God). Almal haak by mekaar in.



Verwyder nou die ouers. Daar is nou 'n gaping tussen kind en God.



Vrae soos die volgende kan gevra word:

- As die ouers afwesig is by Bybel-lees/bid, hoe sal die kind van God weet?
- As die ouer afwesig is by die erediens, hoe sal die kind op eie stoom daar uitkom en graag daar wil wees?
- As die ouer onbetrokke is by gemeente aktiwiteite, hoe sal die kind ooit betrokke raak? ens.

Bring nou weer die ouers terug en verduidelik dat dit nooit te laat is vir ouers om dié skakelrol op te neem nie.

Ouers kry geleentheid om hul doopgelofte te hernu deur die volgende verklaring saam hardop te sê:

OUERS: BELOFTE

**Ek bely dat ons kind(ers) geskenke van God is,
Uit dankbaarheid vir dié geskenk, onderneem ek om self die spoor
van Jesus te volg,
om my kind te wys en te help om ookd
in Jesus se spoor te loop.
Waar een van ons die spoor byster raak, sal ons mekaar help,
om dit weer te vind en te volg.**

AMEN